Ds. PJ Kriel 30.10.2023

Inhoud Hierdie preek wys hoe geestelikes in die NG Kerk met die besluit dat Jesus beide huwelike en selfdegeslag verbintenisse as Here seën Hom net nog ‘n willose afgod gemaak het wat enigiets aanvaar net om ‘n bietjie liefde te kry. Dit wys hoe gelowiges mense wat van Jesus so ‘n afgod maak moet vermy en nie met hulle as mede-gelowiges mag assosieer nie.

Skriflesing 1 Korintiërs 5: 9 – 13, 10: 23 – 31.

Teks 1 Kor. 5: 11 b. “ met so iemand moet julle nie eers saam eet nie.”

Tema Christus gee ons die geloofonderskeiding: My Here is nie jou here nie.

1. Ons gaan die volgende paar jaar vorentoe gereeld twee slagspreuke in ons kerk hoor:” Ons moet mekaar vashou’ en “Ons moet mekaar ruimte gee.” Die trefkrag van die slagspreuk: “Ons hou mekaar vas,” gaan oor ons algemene gevoel dat ons aanhoudend aangeval word, bedrieg word en besig is om alles te verloor. Die slagspreuk roep ons op om in mekaar as groep sekuriteit en krag te vind in ons bedreigdheid. Ons moet mekaar in die kerk vashou met godsdienstige samesyn en gesellige verkeer met mekaar. Ons moet as christene saam kuier en saam bid.

Die tweede slagspreuk wat direk saam met die eerste saam gebruik word, is dat ons in hierdie sosiale samesyn aan mekaar ruimte moet gee. Dit is die ruimte om nie meer dieselfde in die Here te glo en die Here nie meer op dieselfde wyse te gehoorsaam nie.

Saam beteken die twee slagspreuk dat ons mekaar moet vashou terwyl ons nie meer dieselfde in die Here glo en Hom gehoorsaam is nie. Die bedoeling van die twee slagspreuke is om ‘n geestelike en sosiale eenheid te behou omdat ons nie meer een in ons geloof en gehoorsaamheid aan die Here is nie.

Dit is presies die saak wat Paulus in 1 Kor. 5: 9 – 13 aanspreek. Deur te stel dat jy nie met iemand wat Christus anders wil maak as wie Hy is deur godsdienstige saam kuier en geselligheid mag assosieer nie. Jy mag met so iemand nie eers so saam eet nie.

2. Iemand soos wie?

Paulus het verwys na mense wat hulself mede-gelowiges noem maar sonde as hul liefdes uitleef.

Die gemeente Korinte was deurmekaar oor wat Paulus in ’n brief wat ons nie meer het nie bedoel het toe hy gesê het hulle moet sekere mense vermy. Hulle het gedink hy praat van die heidene in die samelewing met sy verwysing na “julle mag nie met hoereerders meng nie.” Dit sou beteken dat hulle soos die Jode hulself van die hele gemeenskap in etes moes vervreem, soos die Jode dit nog vandag doen in die openbare gemeenskappe waarin hul leef.

Vandag kan ons dit ook misverstaan deur te dink Paulus bedoel jy moet sulke mense nie liefhê nie. Dit kan egter nooit so verstaan word nie. Die Griekse woord vir “ om te

meng” (5”9) en “ om om te gaan” (5: 11) beteken om nie te assosieer met sulke mense nie. Daar mag nie gesellige samesyn of godsdienstige kuier wees op so manier dat dit lyk asof almal dieselfde Here aanbid nie.
Christene het hul naaste lief, elke naaste. Hulle het ook hulle vyande lief. Hulle het ongelowiges en hul vyande nie minder lief as hul geloofsgenote nie. Hierdie opdrag van Paulus is om nie sosiaal en geestelik te meng nie met mense wat hulle as gelowiges voorhou, maar volhard in sonde.

Volhard in sonde is nie om aanhoudend met dieselfde sonde te sukkel nie. Gelowiges vergeef mekaar sewentig maal sewe vir dieselfde sonde, wanneer dit as sonde gesien en daarteen gestry word. Daarom beteken sy oproep glad nie om gereserveerd en afsydig te wees met mede-gelowiges wat in sonde val en daarmee sukkel nie. Ons dra juis mekaar se sonde laste soos Paulus dit self stel in Gal. 6: 1 “as iemand deur een of ander sonde oorval word, moet julle wat met die Gees vervul is, so iemand in ‘n gees van sagmoedigheid reghelp; maar let op jouself; dat ook jy nie versiek word nie.” Ons mag nooit ons omgang opskort met mede-gelowiges wat in sonde val of met hulle ophou meng nie, al sukkel hulle met dieselfde sonde tot en met hulle dood.

Dit gaan oor hulle wat sonde glo en uitleef as ware christelike liefde vir God en hul naaste, en so van die Here Jesus net nog ‘n afgod maak.

3. Paulus se oproep om nie te assosieer met mense wie voorhou hulle is gelowiges en juis so in sonde wil volhard, is net van toepassing binne die kerk. Dit wys duidelik uit sy tweede voorbeeld in 1 Kor. 10: 23 – 31. Gelowiges kan vrymoedig sosiaal saam kuier en eet met mense buite die gemeente wat afgode aanbid: “ Indien een van die ongelowiges julle nooi, en julle wil gaan, eet enigiets wat vir julle voorgesit word, sonder om vrae te stel ter wille van die gewete.” (10: 27)

Wanneer hierdie ongelowiges egter tydens die ete verklaar die kos wat hulle eet is ‘n afgodsoffer, mag gelowiges nie met so ‘n godemaaltyd assosieer nie. Hulle mag nie meng en omgaan met die godefees nie. Hulle mag nie dat hulle kuier en saameet met ongelowiges ‘n assosiasie met hulle afgodsdiens word nie. Want dan het die sosiale omgang ‘n godsdienstige bedoeling gekry.

Binne die gemeente mag gelowiges egter nie eers saam kuier of godsdienstig gesellig wees met hulle wat hulle sondes as liefde glo en dit sosiaal so saam wil vier nie – met so iemand mag hulle nie eers saam eet nie. (5: 11)

Paulus spreek hier die afgodsdiens soos hy dit in Rom.1 “ 18 – 32 uitgewys het as ‘n direkte toepassing van Jesaja 44. (vgl. Verse 18 – 20) Die Korintiërs was maar vir ongeveer 3 jaar bekeer uit die afgodsdiens van die heidene. Romeine 1 beskryf hoe heidene van elke sondige drif geïnspireerde liefde van ‘n afgod maak: losbandigheid, seksuele perversie en egbreuk is die liefde wat Venus in jou gee, moordlus, haat en brutaliteit is liefde wat Apollo in jou gee, dronkenskap is gesellige kuier met die god Bacchus en hooghartige heerssugtigheid is die liefde wat Zeus in jou gee.

Deur sondes hulle liefdes te maak, maak hierdie ongelowiges in die gemeente nou van Jesus net so afgod soos hulle nog altyd geken en aanbid het ‘n god waarmee jy jou sondes as godsdiens vier.

Met sulke ongelowiges wat in die gemeente met kuier en gesellighied Jesus Christus net nog ‘n afgod maak, mag gelowiges nie sosiaal meng om gesellig mee kuier en omgaan nie. Want met hierdie saam kuier maak hulle van Jesus Christus iets anders as wie Hy is – die een en enigste God en Here.

4. Hier is twee insidente waar ek as leraar myself gedissosieer het met mense wat hulself met my wou assosieer om ‘n ander Here te verkondig in die gemeente as die Here wat ek aan die gemeente verkondig. Net na ek in die gemeente gekom het, het ‘n groep mense in die Sibasa-deel van die gemeente in Venda besluit dat hulle ons kinders wil leer om  met Jesus te identifiseer omdat die evangelie wat ons verkondig hulle kamstig nie kinders van God sou laat wees nie. Hulle wou kinders wat Jesus as hul Here vertrou leer dat hul nog nie kinders van God is nie omdat hulle nog nie hulself soos Jesus opgeoffer het, hulle eie ek soos Jesus dood gemaak het en God in hul lewe in genooi het, soos God kamstig in Jesus sou opgestaan het na sy dood nie. Dit het hulle probeer doen deur ‘n ACSV tak in Sibasa te probeer stig. Die organiseerders uit Pretoria het gekom, my kom besoek en vertel hulle wil met my as die nuwe leraar vriende wil kom maak en met die jeugwerk in Venda kom help om die gemeente so by te staan. Met hulle gesellige kuier wou hulle my naam opeis en gaan gebruik om die kinders weg van die Here te draai na hulle identifikasie met God toe. Ek het dit aan hulle duidelike gestel dat ons nie vriende is en nooit sal wees nie, dat hulle nie my naam mag gebruik nie, ons hulle nie nodig het nie en dat ek die gemeente teen hulle sal waarsku want hulle wil ons met ons samewerking en seën ons kinders wegkeer van die Here se genade. Ek het verklaar ons wil op geen manier met hulle meng of omgang hê nie. Net so het ‘n nuwe pastoor in lewe aangekom, my dadelik kom besoek om vriende te word en my gevra om lesings te gee op sy leierskampe sodat hy lidmate kan vertel ons werk saam, maar hulle wil bekeer as mense wat nog nie die Here ken of ‘n verhouding met Hom het nie. Ek was nie liefdeloos, ongeskik of beledigend gewees nie, maar het duidelik gestel dat ek op geen manier met hom geassosieer wil wees nie, nie of privaat of in die openbaar nie, want die Here in wie ek glo is nie die Here wat jou sy kind laat wees maar geen persoonlike verhouding met jou het voor jy nie jouself opoffer, jou eie-ek dood maak en glo God neem jou lewe oor om sy lewe deur jou te leef nie. Ek het nie met hom gemeng of omgegaan nie. Dit is die oproep van Paulus in 1 Kor. 5: 9 -13.

5. Die nuwe tipe geestelikheid in die NG Kerk “ hou mekaar vas” en “ gee mekaar ruimte” stel ons weer in presies dieselfde situasie was wat Paulus in die gemeente Korinte aanspreek – om te moet oordeel “Jou Here is nie my here nie.”

Met “hou as” bedoel geestelikes presies die teenoorgestelde as Paulus se oproep “ moet nie meng nie” en “ moet nie omgang hê met” nie. Hulle wil dat almal geestelik moet saamkuier en gesellig wees sodat hierdie ruimte in die geloofsgemeenskap met die Here Jesus geskep kan word: ons glo nie meer dieselfde in die Here Jesus nie en ons gehoorsaam die Here Jesus nie meer dieselfde nie, maar ons oordeel mekaar nie. Presies die teenoorgestelde as waartoe Paulus die gemeente Korinte toe oproep: “Moet julle nie eerder diegene in julle eie geledere oordeel nie? ... “ Verwyder die slegte mense uit julle midde.” (5: 12,13)

Die geestelikes in die NG Kerk leer nou dat Jesus Christus vir een gemeente die Here is wat die huwelik ingesteld het net tussen een man en een vrou, en dat

homoseksuele verbintenisse sonde is, maar in ‘n ander gemeente is Jesus die Here wat homoseksuele aangetrokkenheid vir mekaar in mense skep, hulle na mekaar lei en hulle gemeenskap seën. Vir hierdie Jesus is die verskil tussen sonde teen Hom en gehoorsaamheid aan Hom onbelangrik, net solank almal hom liefhet en Hy almal mag liefhê.

Hierdie Jesus is ‘n afgodsbeeld wat stil en alleen in sy tempel staan, sonder ‘n eie wil as God, en wag vir enige iemand om Hom net ‘n bietjie liefde te gee terwyl hy net so stil willoos dankbaar is vir die aanbidding wat Hy kry. Die geestelikes het in hierdie besluit van die Here Jesus ‘n innerlike verskeurde God gemaak vir wie gehoorsaamheid en sonde om tewe is.

Om hierdie innerlike verskeurde god bymekaar te hou moet sy aanbidders mekaar vashou  en vir mekaar ruimte gee. So maak hulle met hulle geestelike gemoedelikheid en innigheid met mekaar die Here Jesus Christus ‘n innerlik verdeelde en verskeurde God wat enige liefde vat wat Hy kry. Geestelikes wil mekaar vashou en ruimte gee om die Here anders te maak as wat Hy is.

6. Ek as leraar was binne die Algemene Sinode vergadering binne hierdie situasie waarin mense wat hulle self gelowiges noem, maar van Jesus Christus net nog ‘n afgod maak wat so afhanklik van liefde is dat gehoorsaamheid en sonde vir Hom om tewe is. Hy aanvaar alles vir net ‘n bietjie liefde.

Ek het voor die vergadering geweet hulle gaan dit met die Here Jesus Christus doen. Daarom het ek so in die vergadering opgetree. Ek het nie een lied saam met hulle gesing, en sing en het hulle gesing. Ek het nie een gebed met hulle saam gebid nie. Ek het etes alleen geëet en elkeen wat met my gemoedelik en innig wou wees om te wys ons is geestelik een, het ek vermy, nie gegroet nie en gevra om van my weg te gaan en nooit weer met my te praat nie. En hulle wat aan my bevat het, het ek gevra om nie aan my te raak nie.

Want hulle here is nie my Here nie!

En toe het ek in die vergadering openlik die volgende getuienis gelewer: “Niemand in hierdie vergadering sal my ooit so vashou, so ‘n drukkie gee, so ‘n omhelsing gee dat ek in hierdie innige gemoedelikheid van die Here Jesus iemand anders maak as wie Hy as die Here God is nie. Ons kan nie met ons geestelike vashou van mekaar ‘n verwarde en verskeurde god skep nie. Dit is ons wat verward en verwronge is, nie die Here Jesus Christus nie.”

Ek glo dit is ons as gemeente se pad vorentoe! Ons meng nie en het nie omgang met hulle wat hulle gelowig noem en van die Here Jesus net nog ‘n patetiese afhanklik stil willose afgod maak nie. Ironies genoeg was dit nog altyd ons gemeente se posisie binne die geestelike waansinnigheid binne die NG Kerk.

Ons moet breek met hierdie valse oordeel: elkeen dien die Here op sy eie manier en ons hou mekaar almal vas om ruimte te gee vir elkeen se afgod. Want dit is die beste wat ons met Jesus op hierdie stadium kan doen. Ons kan nie so oor die Here Jesus Christus oordeel nie.

Die Here Jesus, die enigste God en Here, gee ons die geloofsoordeel – “ Jou here is nie my Here nie. Met jou sal ek nie saam eet, kuier, innig en geestelik wees om die Here ‘n verwronge afgod te maak nie.”